Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 8 Oktober 1952. Prys 3d. Nr. 45.

# WORTEL VAN KRISISSE MOET VERWYDER WORD

**Duideliker as wat dit ooit gestel was, het die een erkenning na die ander en een verklaring na die ander van die Eerste Minister mekaar opgevolg en is beaam deur die opposisieleier dat die kleurvraagstuk een is wat bokant die partypolitiek moet staan en dat dit 'n volksaak is waarvoor die oplossing buite die mag van die partypolitiek geleë is, skryf mnr. J. A. Smith. Dat die partye se bemoeiing daarmee die krisis vergroot het, wil ek hulle nie nou verwyt nie. Hul pogings het misluk. Maar dit is nodig en in belang van die volk dat die benadering van hierdie vraagstukke buite die partybelange aangemoedig word en dat ons moet sê dat as daar ooit 'n regte standpunt was, dan is dit dié wat ook nou deur dié partyleiers, in navolging van die O.B. bepleit word.**

Ook sê die Eerste Minister—wat ons steeds beklemtoon het en wat indertyd die partyban op die hals van die O.B. gehaal het — dat die ander groot vraagstuk die konstitusionele krisis is. Hy sien dit egter nog as een voortvloeiende uit die „kleurkrisis," maar wat in werklikheid die oorsaak — en nie gevolg nie — van laasgenoemde is.

**Die konstitusionele krisis het in werklikheid begin met die totstandkoming van die Unie en het momentum verkry deur die uitsetting van genl. Hertzog uit die kabinet.**

**Ons oorlogvoerings sedertdien — nou weer die een aan die agterkant van die aardbol daar in Korea wat seker vir ons bekend sal staan as die „Geel lussie"-oorlog (die vorige was die Rooi Lus)—is krisisse waarin ons onderdanigheid, ons aanleuning as gevolg van ons verbritse konstitusionele posisie en ons Statebondsgemeenskaplikheid ons laat beland.**

### BRITSE WERKTUIG

Ook ons ekonomiese integrasie—ons verbondenheid aan Brittanje wat ons geldwese en handel betref—skep vir ons krisisse een op die ander, want die **groot krisis-skeppende oorsaak** is ons **onaanpasbare grondwet** wat nog nooit gedeug het of kan deug nie. Dit bly 'n Britse sataniese werktuig wat ons tot voor die vraag van ons voortbestaan as blankedom gedryf het!

Ek herbeklemtoon die uitspraak van dr. Malan dat ons ons te midde van twee lewensbelangrike krisisse bevind en **dat die oplossing nie in die mag van 'n party lê nie.** Ek wil dit egter sterker stel: **Nie eens in die mag van samewerkende, nee, ook nie in die mag van samesmeltende of koalisiepartye nie.** Dit is 'n groter, veel groter taak as waartoe partye in staat is. Dit is 'n **volkstaak,** vry en onbeswaard van enige partyoogmerk of -voordeel.

### HOE DIT UITLIG?

**Maar hoe nou dan? Waar moet 'n begin gemaak word en hoe moet 'n beweging, 'n roering; aksie of koers onder die volk begin as die beletsel bly dat niemand „politiek buite die Nas. Party" van dr. Malan en mnr. Havenga „mag voer nie"?**

Hoe en deur wie of wat moet daar dan buite die partye om koers in die krisis kom solank die partye geen volksbeweging duld nie? By wyse van die partystembus? Maar daar moet jy dan met jou stem, met die kruisie, die partykruisie, die vraagstuk weer terug in die partykraam indra. Dus geen oplossing nie.

En die partyleiers sê nou hul **partye is magteloos.** Die vraagstukke staan **bokant** partye, dit



MNR. J. A. SMITH

is nie 'n partysaak nie, maar 'n **volksaak!** Laat my dan toe om 'n vraag in alle eerlikheid en opregtheid aan dr. Malan-hulle te stel: **Waarom omskep die Nasionale Party hom nie in 'n volksbeweging vir die skepping van 'n nie-partystelsel as die bestuursvorm?** Dáár lê tog die oplossing om 'n groter mag in die land op te bou as waartoe die party as sodanig ooit in staat sal wees.

### VOLKSOPTREDE

**Die enigste weg is die volkspolitieke beweging, 'n volksbeslissing oor die konstitusionele krisis en nie oor wat nie kragtens die ou grondwet geoorloof is of nie, wat reeds ook 'n krisis in die regspleging veroorsaak het.**

**Die grondoorsaak van ons krisisse bly die van 'n verkeerde bestuurstelsel, die verbritse partybestuurstelsel met sy koukusdiktatuur.**

**Uit dit alles behoort dit nou tog duidelik te wees dat as al die lewensbelangrike vraagstukke, wat krisisse word, „bokant die partypolitiek uitgelig word," soos deur partyleiers self in die**

(Vervolg in kolom 2)

(Vervolg van kolom 5)

**jongste tyd bepleit, daar vir 'n party geen volksdoel, geen volkstaak oorbly nie en hy van geen diens vir die volk meer is nie.**

Laat ons dan buite die partye mekaar as volksgenote in 'n groot magtige volksbeweging vind wat die enigste middel kan wees om ons uit krisisse te red.

# AFRIKA-BELEID VAN BRITSE REGERING VAN MÔRE

**„Ons verwerp apartheid. Ons verwerp oorheersing. Ons glo dat die rasse in vennootskap moet lewe op 'n grondslag van gelykheid," het die voormalige Britse minister van kolonies, James Griffiths, verlede week op die kongres van die Arbeidersparty gesê. Griffiths het ook verwys na dr. Malan se toespraak in verband met die Protektorate, wat hy „met ontsteltenis gelees het." Agtereenvolgende Britse regerings het die standpunt ingeneem dat „sodra die tyd geleë is hulle die betrokke volke sal raadpleeg, en indien die volke ‚nee' sê, sal dit die Britse standpunt bepaal," aldus Griffiths.**

**Die voormalige ondersekretaris van kolonies, John Dugdale, het die federasieskema vir Midde-Afrika gekritiseer en gesê: „Ons het gesien wat in Suid-Afrika gebeur. Die land is aan die blanke bevolking uitgelewer. Moenie dat ons dit weer in Midde-Afrika ook doen nie."**

**'n Beskrywingspunt waarin aangedring word op groter seggenskap aan naturelle in Afrika op die grondslag van die Goudkus-staat is deur die kongres na die hoofbestuur van die party verwys.**

# GEESDRIF IN WYE KRINGE VIR REPUBLIKEINSE BLAD

**Geesdrif vir die nuwe republikeinse blad wat binnekort sal verskyn, word ondervind in kringe wyer as die Ossewabrandwag. 'n Republikeinsgesinde Afrikaner in Transvaal het per brief aangebied om geldelike hulp te verleen, terwyl 'n vooraanstaande lid van die Nasionale Party in die noordelike Skiereiland uit sy eie aangebied het om self 'n kollektelys by sy vriende rond te neem.**

Die betrokke persoon het opgedaag by 'n huis waar die plaaslike generaal, mnr. J. A. Strauss, juis aangedoen het om fondse vir die blad in te samel. Hy wou weet waaroor dit gaan, en toe aan hom verduidelik is dat die doel is om 'n republikeinse mondstuk vir die republikeinsgesinde Afrikanerdom in die lewe te roep, het hy gesê: **„Daarmee gaan ek heeltemal saam. Daar is 'n groot behoefte aan so 'n blad wat die republikeinse saak kan stel ongeag partypolitieke oorwegings. Hier is my £5, en as julle wil sal ek self met 'n lys by my partyvriende rondgaan."**

Hy het daaraan toegevoeg dat hy graag die heeleerste blad wat gedruk word wil ontvang en as vaste intekenaar wil inskryf.

**Mnr. Strauss het ook boodskappe van twee ander Nasionaliste ontvang dat hulle graag tot die fonds wil bydra en dat hy by hulle moet aandoen.**

In die tweemaandelikse tydskrif Koers, wat op Potchefstroom uitgegee word, het prof. S. du Toit, wat geen lid van die O.B. is nie, in 'n oorsig oor die binnelandse politiek hom ook ten gunste van 'n republikeinse blad en selfs 'n republikeinse beweging uitgespreek. Prof. Du Toit het geskryf na aanleiding van die Laertrek se besluit om af te stuur op 'n omvattende republikeinse beweging.

Prof. Du Toit skryf onder meer: „Daar sal ongetwyfeld deur sommige geredeneer word dat die N.P. 'n republikeinse beweging is en dat 'n ekstra beweging en blad onnodig is. **Skrywer hiervan kan egter geen beswaar sien teen onafhanklike blaaie nie en ook nie 'n republikeinse beweging nie, mits daar 'n goeie verstandhouding is tussen party en beweging. Die Party moet sy program van aksie telkens wysig na die eis van die omstandighede. So moes die republikeinse ideaal tydelik terugwyk vir die groot vraagstuk van die rasse. Net soos SABRA op onafhanklike wyse die apartheidsbeleid bestudeer en voorligting verskaf, kan 'n republikeinse beweging die volk gedurig vir hierdie ideaal inspireer."**

## „REPUBLIEK NET GOED AS DIT SLEG GAAN"

**Die verwyt dat die republikeinse ideaal vergeet word wanneer dit goed gaan met die party, maar dit weer opgetel word sodra dinge teen die party gaan, is op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party deur mnr. J. H. Abraham, L.V., gemaak.**

**Mnr. Abraham het in teenwoordigheid van vier ministers op die verhoog gesê dat die houding teenoor die republiek dieselfde is as teenoor godsdiens. „Wanneer alles voor die wind gaan, drywe ons weg van die Christelikheid, maar in moeilike tye neem ons toevlug daarheen. Dieselfde gebeur met die Afrikaner se republikeinse ideaal. Net wanneer dinge teen ons gaan, is ons republikeins."**

# Koningin Wil Kom Woon

**Die Cape Times berig dat die Britse koningin reeds haar begeerte uitgespreek het om voortaan ook in haar Dominiums om die beurt te gaan woon en dat die planne hiervoor net ná die kroning aanstaande jaar in gereedheid gebring sal word. Die berig meld dat die koningin sowel amptelike as private wonings sal moet hê en dat die eerste stap nou is om die dominiale regerings te raadpleeg oor watter lengte die verblyf moet aanneem ten einde dit „die moeite werd te maak," en watter akkommodasie beskikbaar sal wees vir die „groot paleisgevolg."**

**Die vraagstuk van seremonie is die grootste struikelblok, word verklaar, aangesien elke dominium sy eie reëls het en daar dus 'n kompromis bereik sal moet word met die bestaande paleisprotokol.**

**Die Britte is klaarblyklik meer bekommer oor hul koninklike seremonies wat in die Dominiums vermink kan word as oor die moontlikheid van huisvesting.** En heeltemal tereg ook.

Ons Goewerneur-generaal het vyf wonings (twee in Kaapstad, een in Bloemfontein, een in Pretoria en een in Durban). As die meerdere kom moet die mindere wyk, lui die gesegde, en met die gretigheid waarmee die Suid-Afrikaanse regering in 1947 £418,000 bestee het om dit vir die koninklike familie hier gerieflik te maak, en die bereidwilligheid waarmee daar in die begin van die jaar aan Bothahuis in Natal verbou is om dit vir koninklike herberg geskik te maak — is vir die Britse Empire-beplanners genoegsame waarborg dat daar in Suid-Afrika nie 'n tekort aan huise vir die draer van die Britse kroon sal wees nie ondanks die duisende huise wat vroeër in hierdie eeu in naam van dieselfde kroon afgebrand is.

Maar natuurlik, die „groot" koninklike gevolg skep 'n probleempie. 'n Koning kan darem nie met dieselfde hulpies klaar kom as hy in 'n Dominium woon as wanneer hy daar as gas kuier nie. Maar as Suid-Afrika bereid is om miljoene ponde op te offer om werkskuwe Britse arbeiders nog 'n bietjie te laat sluimer en nog 'n bietjie te laat hande vou, waarom nie 'n paar miljoen pond aanwend vir die

(Vervolg op bl. 4 kolom 3)

## KONINGINMOEDER NA AFRIKA

Die Britse koningin-moeder sal in die tweede helfte van aanstaande jaar na Rhodesië kom om die amptelike opening van die Rhodes-eeufees-tentoonstelling in Bulawayo waar te neem.

Daar kan verwag word dat van Britse kant alles in werking gestel sal word om haar ook by dieselfde geleentheid na die Unie te bring. Die koninklike familie se vernaamste taak dees dae is om die Empire-bande te versterk deur persoonlike besoeke.

**Die Sunday Express het reeds in 'n groot berig aangekondig dat die koninginmoeder deur die Unie-regering uitgenooi is, maar dat haar antwoord nog nie ontvang is nie.**

DIE O.B., WOENSDAG, 8 OKTOBER 1952

# ONS SAGTE PLEKKIE VIR BRITTANJE

**„Vir die mense van Brittanje het ons veral 'n sagte plekkie. Is u nie een van die beste klante vir baie van ons primêre produkte en grondstowwe nie? En het ons nie wederkerig opgetree deur so baie in u werkplase en u fabrieke te koop nie? Die waarde van hierdie tweerigting-handel het die afgelope paar jaar ontsaglike syfers bereik," het min. N. C. Havenga verlede week oor die Britse radio in Londen verklaar.**

Vir die republikein is hierdie uitlating nie so gesellig as wat dit vir die Britse luisteraars moes klink nie. Die handel met Brittanje is stelselmatig opgebou ten koste van handelsbetrekkinge met ander lande. **Dit is die gevolg van 'n „Buy British"-beleid wat sedert die Britse verowering in Suid-Afrika gevolg is tot groot skade van die Suid-Afrikaanse bevolking. Ons markte is alles so toegespits op Brittanje dat hierdie „tweerigting-handel" vandag een van die belangrikste Empire-bande is wat die koms van 'n republiek vertraag — en uiteindelik sal belet indien die proses van ekonomiese vaskoppeling versterk gaan word soos die aanstaande Empire-konferensie beoog.**

Die Suid-Afrikaner betaal nie net in idealistiese sin vir hierdie „sagte plekkie vir die mense van Brittanje" nie, maar ook op heel tasbare wyse. 'n Paar maande gelede het min. Havenga in die parlement verklaar dat Suid-Afrikaanse invoerders deur die stelsel van invoerbeheer **van staatsweë gedwing word om duurder goed in Brittanje te koop as wat dit elders verkry kan word. Hy het dit as 'n „opoffering" van ons kant beskryf terwille van die Britse sterling-vraagstuk.**

### BRITSE VOORKEUR

'n Ekonoom soos prof. H. W. J. Weynolds het aangetoon dat ons Britse tekstielgoedere invoer teen pryse wat 25 persent hoër is as in Amerika, maar ons kan nie die goedkoper ware invoer nie omdat ons ons goud aan Brittanje lewer ten einde sy dollar-posisie te versterk.

Maar ons betaal ook ten duurste terwille van ons „sagte plekkie" deur dat Suid-Afrika telkemaal teen sy eie belang agter die Britse pond aan devalueer. Deur die jongste devaluasie in 1949 is Amerikaanse goedere oornag met een-derde in prys verhoog. Dit het, afgesien van regeringsdwang, 'n outomatiese oorskakeling na Britse goedere vir Suid-Afrika beteken — **goedere waarop in sommige gevalle solank as drie en vier jaar gewag moet word.**

Mnr. Havenga verwys met trots na ons „wederkerige" optrede „deur so baie in u werkplase en fabrieke te koop." **Suid-Afrika se wederkerigheid in hierdie verband is inderdaad iets om op trots te wees indien mens op jou offers mag roem. In 1951 het Engeland ons harte gesteel met die aankoop van Suid-Afrikaanse primêre produkte ter waarde van £73,000,000. Dit het Suid-Afrika beantwoord met die aankoop van goedere uit Britse werkplase en fabrieke ter waarde van £166,000,000. Die tekort in die handelsbalans, wat byna drievoudig in die guns van Brittanje is, is nie met Britse welwillendheid ten opsigte van ons binnelandse politieke vraagstukke vergoed nie, maar moes deur Suid-Afrika in goud aangevul word — goud waarmee ons veel goedkoper goedere van elders kon koop.**

### BELASTERING VIR DANK

In ruil vir hierdie goud, wat die mate van wederkerigheid met £93,000,000 te bowe gaan, ontvang Suid-Afrika belastering en mosies van afkeuring in die Britse pers en politieke kringe. Ons eerste minister word vanaf die hoogste kansel belaster in terme wat mens nouliks van 'n seepkis af verwag en oud- en skaduwee-ministers bepleit openlik die uitlewering van Afrika aan die nie-blanke. Nog verlede week het die oud-minister van kolonies, James Griffiths, dr. Malan met Hitler vergelyk omdat hy sy misnoeë oor die gesloer met die opdrag van die Protektorate uitgespreek het; terwyl sy voormalige onderminister, John Dugdale, hierdie verbasende uitlating gedoen het: **„Ons het gesien wat in Suid-Afrika gebeur het. Die land is uitgelewer aan die blanke bevolking. Moenie dat ons dit weer in Midde-Afrika ook doen nie."**

**Verre dat ons erkentlikheid ontvang vir die „sagte plekkie" wat ons vir die mense van Brittanje het, word ons uit die hoogste politieke kringe verwyt dat ons in besit van Suid-Afrika gekom het en word dit voorgehou as 'n bose voorbeeld van wat nie elders in Afrika mag gebeur nie. Dit is die „wederkerigheid" wat ons van Brittanje ontvang.**

**Daar kom 'n stadium by elke mens en volk dat selfrespek en selfbehoud moet ingryp om hom van vernedering en vernietiging te red. As ons eie ekonomiese belange ten opsigte van 'n ongunstige handelsverhouding met Brittanje nog nie daarin kon slaag om ons te weerhou van te roem op slawe-offers nie, dan behoort die misgunning van ons blanke voortbestaan deur Britse leiers miskien ons sin vir verhouding aan te skerp. Die dae toe ons moes hoor hoe Suid-Afrika „sy plig en eer" teenoor Brittanje by wyse van offers moes nakom en toe daar geroem is op die „bit" wat hy in belang van die Empire doen, het ons gemeen, is lankal daarheen. Indien nasionale selfrespek dit dan nie kon nie, behoort ons sin vir selfbehoud hierdie era van Empire-diens darem nou af te sluit.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Toenadering Misluk*

Die pogings om die Nasionale Party en die Verenigde Party te oorreed om nou met mekaar saam te werk ten aansien van die kleurvraagstuk het blykbaar misluk. Die mislukking het gevolg op die toenaderingsveldtog wat verlede maand gevoer is.

Ek dink die oorsake van hierdie pogings, wat uit verskillende oorde aangewend is, is drieledig. Die aanleiding daartoe is ongetwyfeld verskaf deur die eerste minister, dr. Malan, wat al telkemale sy party se gewilligheid te kenne gegee het om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig. Die onmiddellike oorsaak van verlede maand se veldtog is die opposisie-leier, mnr. Strauss, se verklaring dat sy party die kleurvraagstuk uit die partypolitiek wil lig en sy uiteensetting van die Verenigde Party se kleurbeleid wat deur leiers van die Nasionale Party beskryf is as „baie na aan apartheid" en „as die Nasionale Party se beleid." As gevolg van hierdie omstandighede het baie mense die indruk gekry dat die geleentheid nou aangebreek het vir die twee partye om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig en om 'n gesamentlike oplossing daarvoor na te streef.

### *Verwyte en Teenverwyte*

'n Ander groep mense wat voel dat die twee partye se „oplossings" van die kleurvraagstuk albei verkeerd is, het ook meegehelp aan die toenaderingsveldtog in die hoop dat as die twee partye eers oorreed kan word om die vraagstuk uit die partypolitiek te haal, die gulde geleentheid sal ontstaan het om hulle oor te haal om gesamentlik die regte oplossing, nl. gebiedskeiding, na te streef. Tot die laasgenoemde groep het veral mnr. Oswald Pirow behoort.

Blykbaar is almal se hoop verydel.

Hoewel albei die partye te kenne gee dat hulle die kleurvraagstuk uit die partypolitiek wil haal is geeneen van hulle tog bereid om dit te doen wanneer die geleentheid hom voordoen nie.

Die Nasionale Party sê dat die Verenigde Party maar net die kleurvraagstuk uit die partypolitiek wil haal om sy bankrotskap aan 'n kleurbeleid te verberg; bowendien, hoop die leiers van die Nasionale Party dat die V.P. oor die kleurvraagstuk sal skeur en dat die regtervleuel van die V.P. (soos dr. Malan dit uitdruk) dan een of ander vorm van samewerking met die N.P. sal soek.

Aan die ander kant sê die Verenigde Party weer dat die N.P. nie die vraagstuk uit die partypolitiek wil haal nie omdat hulle die vraagstuk wil gebruik om verkiesings te wen en om hulle bankrotskap aan ander beleide te verberg.

En met sulke verwyte en teenverwyte word die kleurvraagstuk al vaster in die partypolitiek gewoel.

### *Pirow op Vingers getik*

Diegene wat gehoop het dat die twee partye miskien oorreed kan word om gesamentlik die ideaal van algehele of gebiedskeiding na te streef, is ook teleurgesteld. Mnr. Eric Louw, minister van ekonomiese sake, het op Prins Albert sommer reguit gesê wat hy van o.a. mnr. Pirow se bemoeiinge in hierdie verband dink. (Hoewel mnr. Louw nie sy naam genoem het nie, is daar nie twyfel na wie hy verwys nie). Die Nasionale Party se koerante het mnr. Louw soos volg gerapporteer:

„Min. Louw het gewaarsku teen mense wat nou wil probeer terugkom na die politieke lewe op die rug van die kleurvraagstuk, asook teen buite-organisasies en welmenende mense wat die drang voel om die kleurvraagstuk te help oplos." Mnr. Louw het voorts gesê dat die kleurvraagstuk 'n politieke vraagstuk is wat deur die Nasionale Party opgelos moet word.

Hierdie uitlatings van mnr. Eric Louw is 'n klassieke voorbeeld van wat wyle genl. Hertzog genoem het: „partykramery." Mnr. Louw is klaarblyklik nie geïnteresseerd in die reg of verkeerd van die kleurbeleid wat mnr. Pirow bepleit nie: hy wil net die deur vir mnr. Pirow toehou sodat laasgenoemde nie in die politieke lewe kan terugkom nie.

### *Almal moet „Ja, Baas," sê*

Dit is 'n onaangename herinnering dat die N.P. nog maar dieselfde H.N.P. van ouds is. Dit bly nog maar die Nasionale Party se standpunt dat as 'n man 'n nasionaalgesinde Afrikaner is, en jy weier om ja, baas, vir die Nasionale Party se leiers te sê, dan kan jy liewer 'n Sap word as wat hulle jou aan die nasionaalgesinde kant van ons openbare lewe sal duld. Dit is hierdie soort diskriminasie teen mede-Afrikaners, wat nie party-slawe wil wees nie, wat so baie Afrikaners afstoot van die Nasionale Party.

En wie 's die buite-organisasies wat wil help om die kleurvraagstuk op te los en teen wie mnr. Louw ook waarsku? Hy noem nie name nie, maar blykbaar het hy SABRA in gedagte gehad — miskien ook die Ossewabrandwag. Is dit nie verskriklik aanmatigend nie? Het die Nasionale Party dan monopolie-regte op die kleurvraagstuk? En moet selfs deskundiges oor rasse-aangeleenthede verbied word om te help met die oplossing van die kleurvraagstuk?

### *Die Rol van die Demagoog*

Ek stem saam met diegene wat verlang dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig word, maar, myns insiens is dit nie al wat moet gebeur nie. Bowe-al moet die kleurvraagstuk uit die hande van die partypolitici gehaal word. 'n Partypolitikus met die kleurvraagstuk in sy hand is net so gevaarlik soos 'n kind is wat 'n gelaaide geweer in sy hand het.

Daar is ongetwyfeld baie Afrikaners wat nog nie die partypolitiek verstaan nie. Die Afrikanervolk is gewoond om leiers te hê — dit is sy tradisie. Ek dink aan leiers van vergange se dae — nog voordat die uitheemse partystelsel hier ingevoer is. Leiers soos Pretorius, Kruger, Steyn, De Wet en ander was volksmanne wat gedink het in terme van doelstellings wat vir die volk bereik moet word. Partypolitici is nie leiers nie — hulle dink net in terme van verkiesings wat gewen moet word. Daarom is die partypolitikus van huis uit 'n demagoog. Hy is 'n naprater van die verlange en die begeertes van die volk. En die partypolitikus wat die beste demagoog of naprater is — hy wen die verkiesing.

As ons dan die partypolitikus in ons midde moet hê — soos die armes — laat die partypolitikus in hemelsnaam bly wat hy bestemd was om te wees — nl. demagoog. Moenie dat hy sy lyf probeer leier hou nie, en bowe-al moenie dat hy die ware leiers van die volk — die deskundiges — probeer verbied om te lei nie. Die volk wat dit toelaat saai die wind en hy sal die warrelwind maai.

### *Plek vir Doel-organisasies*

Indien die partypolitikus hom, soos die skoenmaker, by sy lees hou, en demagoog bly, dan word daar plek in ons openbare lewe ingeruim vir wat ek, doelorganisasies, sal noem. Dan kan 'n organisasie wat bv. algehele apartheid as doel bepleit, bestaan en floreer en sy leiers kan die volk opvoed om die doel te aanvaar. Net so kan daar bv. 'n republikeinse organisasie bestaan en sterk word as gevolg van republikeinse opvoedingswerk wat hy onder die volk doen.

En as die doelorganisasies die nodige oortuigingswerk gedoen het en die meerderheid van die volk is te vinde vir die doel wat hulle bepleit het, dan kan die partypolitici na vore tree, volgens hul demagogiese aard, en verkiesings wen deur vir die volk te belowe dat hulle die betrokke doel in die vorm van wetgewing deur die parlement sal laat aanneem.

Ek glo nog dat die partypolitikus 'n oorbodige weelde is waarsonder die volk maklik kan klaarkom. Maar ek beweer net dat as die partypolitikus sy rol as demagoog vervul en leiding aan die volk se natuurlike leiers oorlaat, dan word sy gevaar tot 'n minimum beperk.

### *Die Oplossing van die Vlagvraagstuk*

Daarom sê ek, laat ons om vredesnaam die kleurvraagstuk uit die hande van die partypolitici neem en die deskundige leiers van die volk op hierdie gebied toelaat om die volk op te voed tot die regte en billike oplossing van die vraagstuk.

Terloops. Dit was nie die partypolitici wat die Afrikaner se taalstryd gewen het nie. Nee. Dit was die volk se natuurlike leiers op daardie gebied, nl. die kultuurleiers. Die partypolitici het maar net die stempel van wettigheid gedruk op die oorwinning wat die kultuurleiers behaal het. En vandag is dit die kultuurleiers wat sorg dat die volk sy oorwinning handhaaf.

Suid-Afrika se nasionale vlag is weer 'n voorbeeld van die soort „oorwinning" wat die partypolitici behaal! Tydens 1938 en die ontwakingsjare daarna het die Afrikanervolk by sy groot saamtrekke en feeste nooit gedink om gebruik te maak van die vlag wat die nasionale partypolitici vir hom verkry het nie. Ek dink dis afdoende kommentaar oor die partypolitici se sogenaamde vlag-oorwinning!

En as ons die kleurvraagstuk in die hande van die partypolitici laat, dan gaan hulle weer dieselfde soort oorwinning behaal as wat hulle oor die vlagvraagstuk behaal het.

# NOODHULPFONDS EN PARTY

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, Skryf:**

Ek het die brief van „Beginselvas O.B." in u blad van 24 September noukeurig deurgelees en hy maak melding van iets wat my laat voel dat daar 'n gekiedenis in ons volk is wat meer duidelikheid verg omdat getuienisse en persoonlike ondervindings soms baie uiteenlopend is.

„Beginselvas O.B." maak melding dat gedurende die vervolging van Afrikaners in oorlogsjare nie één partyman 'n pennie gegee het vir die Noodhulpfonds nie. Dit is soos ek persoonlik ook ondervind het, liewer die deur in jou gesig toeklap, óf, „omdat jy so ver moes stap sal ek jou darem 1/- gee **vir jou moeite**" óf as ek deur siekte of onvermydelike omstandighede verhinder was om self te gaan om die bydraes in te samel en my kind stuur, het ek die boodskap gekry: „Sê vir jou moeder ek sal darem 1/- (of selfs 6d.) gee omdat jy so nat gereën het en jouself 'n hewige verkoue op die hals sal haal maar anders sou ek waarlik **niks** gegee het nie."

Tog het 'n oud-geïnterneerde hier in ons huis aan my man en my persoonlik sy grootste verbasing uitgespreek dat ons nie weet dat „groot volksmanne" en by name mnr. S. P. le Roux (nou minister) en mnr. P. Olivier, die huidige administrateur van Kaapland, hulle hande „so diep" in die sakke gesteek het en „honderde ponde" bygedra het tot die Noodhulpfonds vir hulle wat agter die doringdraad moes sit vir hul ideale. Ek persoonlik is nie bekend met die bydraes wat vir die Noodhulpfonds ontvang is nie; ek het maar my deeltjie na die beste van my vermoë gedoen, maar dit is tog 'n billike versoek van my, as ek u vra om duidelikheid in hierdie opsig. Dit sal tog tenminste baie, baie misverstande uit die weg ruim. Daardie mense is tog immers ook van óns volk en dit moet feite wees anders is dit nie geskiedenis nie.

Ek sal enige juiste inligting in hierdie opsig ten seerste waardeer.

(Dit is nie heeltemal juis om te beweer dat „geen enkel partyman 'n pennie gegee het vir die Noodhulpfonds nie". Toe die grootskaalse interneringe in 1942 begin het, het die Ossewabrandwag 'n fonds vir hulpverlening aan die gesinne van geïnterneerdes in die lewe geroep, wat in 1948 afgesluit is met 'n totaal van £130,000 uitbestee. Terselfdertyd het daar ook oproepe in die verskillende H.N.P.-koerante vir 'n soortgelyke fonds verskyn. Wat die totale bedrag is wat op dié wyse ingesamel is, kan nie gesê word nie, maar op 30 Maart 1943 — 'n jaar later — het Die Transvaler, in antwoord op 'n navraag gemeld dat daar „oor die £4,000 uitgegee is" deur hierdie fonds en dat in die vorige maand 37 gevalle gehelp is. Die blad het egter daaraan toegevoeg: „As dit juis is dat die O.B., soos hy beweer, £2,000 per maand aan sulke afhanklikes uitgee, dan sal die komitee kan oorweeg om nou sy werksaamhede te staak, want verreweg die meeste gevalle wat gehelp is, was O.B.-lede."

Wat wel juis is is dat die **O.B.-Noodhulpfonds** nie die steun van party-aanhangers of hul pers geniet het nie, wat onder die indruk gebring is dat die geïnterneerdes „rampokkers" was. H.N.P.-koerante het konsekwent geweier om selfs betaalde advertensies in belang van die fonds te publiseer, sodat die £130,000 wat deur hierdie fonds ingesamel is, en waaruit oor die 800 gesinne onderhou is, feitlik uitsluitend uit die sakke van O.B.-lede gekom het. —Red.)


### GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**
**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK


# Eerw. Scott uit V.S.A. Geweer

Eerw. Michael Scott, wat al die afgelope paar jaar in die buiteland op die voetspoor van die V.V.O. draf om Suid-Afrika weens sy naturellebeleid aan te kla, is deur die Amerikaanse regering hierdie keer die loef afgesteek. 'n Visa om hom in Amerika toe te laat, waar die V.V.O. se volgende vergadering plaasvind, is hom geweier sonder verstrekking van redes.

Volgens eerw. Scott is die rede vir die weiering die feit dat hy nie bereid was om 'n eed af te lê waarin hy verklaar dat hy nooit 'n kommunis, 'n fascis of nazi was nie.


## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


# Uraanbedryf Brei Groot Uit

**Reeds twee-en-twintig goudmyne in Transvaal en die Vrystaat het met die Suid-Afrikaanse Atoomkragraad ooreengekom om uraan te produseer. Die eerste fabriek (op Krugersdorp) wat met die produksie sal begin, word op 8 Oktober in werking gestel. Die fabriek het £1,600,000 gekos. Hierdie nuwe ontwikkeling hou vir die Unie aansienlike welvaart in, en staan miskien op gelyke voet met die ontdekking van goud. In die atoomeeu sal uraan waarskynlik net so 'n belangrike grondstof wees as steenkool.**

Amerika en Brittanje verskaf die kapitaal vir die uraanwinning uit die goudmyne, en koop dit teen 'n prys wat die myne se koste dek, die kapitaal na tien jaar delg en nog 'n wins toelaat. Suid-Afrika kan wel soveel uraan vir homself hou as wat hy nodig het vir sy eie behoeftes. Benewens die fabrieke sal nog drie nuwe kragsentrales teen 'n gesamentlike koste van £45,000,000 opgerig word om die myne van bykomende krag te voorsien.

'n Eie siklotron vir die Unie, waar radio-isotope vir navorsingsdoeleindes gemaak sal word, word tans teen 'n koste van £56,000 gebou en sal teen April 1954 in werking wees.

# Persoonskaarte Vir Almal

Persoonskaarte vir alle blankes en nie-blankes sal waarskynlik aanstaande jaar uitgereik word, volgens 'n mededeling van die direkteur van sensus en statistieke. Die voorbereidende werk vir die opstelling van 'n persoonsregister is byna voltooi en teen die end van die jaar sal begin word met die fotografering van nie-blankes.

Alle blankes bo 16 jaar en alle nie-blankes sal verplig wees om 'n persoonskaart te dra wat te enigertyd getoon moet kan word.

# BELOWENDE MIDDEL TEEN MALARIA

**Proefnemings met nuwe middele het aan malaria-lyers hoop op volkome herstel van hierdie slepende siekte gebring. Veral sedert die uitbreek van die Koreaanse oorlog het Amerikaanse geneeshere hulle toegelê op 'n meer doeltreffende middel teen malaria as kina, en daar word aanspraak op gemaak dat daar in die afgelope tien jaar groter vordering op hierdie gebied gemaak is as in die afgelope 300 jaar toe kina vir die eerste maal in Peru by die Rooihuide ontdek is.**

Die groot vraagstuk by malaria-gevalle was nog altyd om die siekte nie net in sy aktiewe vorm te genees nie, maar ook in sy sluimerende vorm, wanneer die malaria-parasiete in die weefsels van die liggaam skuil in plaas van in die bloed. By een vorm van malaria, die meer dodelike, waar die parasiete net eenmaal in die bloedstroom kom, kon kina volslae herstel bring, maar by die ander vorms het die siekte telkemale maar weer opgevlam sodra die parasiete uit die weefsels in die bloed kom.

Tans word gemeen dat 'n middel gevind is wat wel na eenmalige behandeling volkome genesing bring. Dit word genoem primakin, en hoewel die proefnemings met soldate uit Korea nog nie voltooi is nie, het dit reeds geblyk dat van 477 gevalle wat met primakin behandel is, net een 'n weerinstorting gehad het in vergelyking met een-derde van die gevalle waar 'n ander nuwe middel, chlorokin, gebruik is. Dit wil voorkom of primakin saam met chlorokin die beste resultate lewer. Van 231 sulke gevalle het nog geen enkele weerinstorting voorgekom nie. Daar is net een moeilikheid met die middel: by Asiate en naturelle veroorsaak dit 'n vorm van bloedarmoede, wat egter nie by blankes voorkom nie. Vir laasgenoemdes skyn 'n ander nuwe middel, daraprim, meer geskik te wees.

# CRADOCK NEEM AFSKEID

Woensdagoggend, 24 September, met die vertrek van oom Christiaan Els en sy gade om hulle in Witbank te gaan vestig, het Cradock 'n waardige en voorbeeldige egpaar uit 'n besonder wye vriendekring verloor. En dis veral 'n gevoelige verlies vir ons klompie kamerade wat agterbly, vir wie hy altoos 'n besieling was. Oom Stompie Els, die man sonder bene, het nooit sy plig versuim waar dit O.B.-aangeleenthede raak nie, en was gereeld teenwoordig op elke O.B.-funksie . . . 'n Mens het altyd gevoel: As oom Christiaan by die funksie kan wees, sal dit darem 'n skande wees as ek wegbly! Hy is 'n getroue leser van Die O.B. en het vroegtydig gereël dat die blad na sy nuwe adres gestuur word.

Saam met hom het ook sy vrou die beweging gedien, en in die dae van die Noodhulpfonds het hulle sommer baie bygedra en nooit gewag dat daar eers by hulle aangeklop word om bydraes nie. Sonder bene, was hy nietemin 'n sprekende voorbeeld vir alle mense sover dit arbeidsaamheid en vlyt betref. Deur harde werk het sowel hy as sy gade daarin geslaag om 'n ordentlike lewensbestaan te maak. Afnemende gesondheid dwing hulle om nou te gaan rus, 'n rus wat al hulle talryke vriende en veral hul kamerade

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

hul van harte gun. Die aand voor hul vertrek is 'n tjek en adres deur die kamerade hulle aangebied. Ons beste wense vergesél hulle. (Ingestuur)

# PICASSO SÊ HY LEWER GEEN KUNS: BUIT NET DOMHEID UIT

**Die sogenaamde „moderne kuns" is meermale deur Die O.B. skerp veroordeel. Hierin het ons, sonder dit te weet, die ondersteuning van die groot modernis, Pablo Picasso, gehad. Hierdie verwringer van die kuns blyk gewetenswroeginge te hê wanneer hy oor sy lewe en „kuns" nadink.**

In 'n boek van die Italiaan Papini, waarvan daar 'n uittreksel onlangs in die Nieuwe Haagsche Courant verskyn het, erken Picasso openhartig dat hy nie kuns lewer nie, maar met die „domheid" en „ydelheid" van sekere mense 'n winsgewende bes'gheid opgebou het. Hy het allerlei „dwaashede" aan hierdie mense verkoop nadat hy besef het dat die hedendaagse mens net na die „vreemde" en „skandelike" soek.

Die mens soek in die kuns nie meer troos en geestelike vreugde nie. Die geraffineerdes, die rykes, die niksnutte soek alleen nog maar die nuwe, die vreemde, die oorspronklike die buitensporige en skandelike," het Picasso aan Papini gesê. **„Ek het sedert en reeds voor die kubisme hierdie kenners en krit'ci bevredig met alle wisselende dwaashede wat in my kop gekom het. Hoe minder hulle daarvan begryp het, hoe meer het hulle my bewonder."**

Deur die beoefening van hierdie spel het hy baie gou beroemd geword en ryk, maar as hy eerlik teenoor homself wil wees, kan hy homself nie as kunstenaar beskou nie.

**„Ek is maar iemand wat die publiek vermaak het, wat begryp het wat die teenswoordige tyd wil hê, en wat uit die domheid, ydelheid en hebsug van my tydgenote alles gehaal het wat daaruit te haal is. Dit is 'n bittere bekentenis, pynliker as wat dit miskien voorkom, maar dit het ten minste die verdienste dat dit opreg is."** Aldus Picasso, die groot held van die sogenaamde moderne.




# Engelssprekende Pleit vir Behoud van Boerestelsel

**Dit was aan 'n Engelssprekende oorgelaat om die behoud van die Boeretradisie te bepleit teenoor die verbreiding van die Britse partyidee toe die Nasionale Partykongres in Transvaal 'n beskrywingspunt behandel het wat die beginsel van die partystelsel wou deurvoer na die provinsiale raadstelsel, sodat net een party in die uitvoerende komitee verteenwoordig sal wees.**

Mnr. Jan de Klerk, L.U.K., het gesê dat die werk van die regerende party met die huidige samestelling van die Transvaalse Provinsiale Raad belemmer word.

**'n Engelssprekende afgevaardigde het die behoud van die ou stelsel bepleit. Hy het gesê dat die stelsel van provinsiale rade die laaste oorblyfsel is van die Boerestelsel (wat volksverteenwoordigend en nie party-verteenwoordigend was nie—Red.).**

**Die Britse parlementêre stelsel moet nie nageaap word nie. Die provinsiale raadstelsel dien as teenwig vir die Britse parlementêre stelsel, en moenie as kleinregerings gesien word nie, maar moet ingerig wees na die model van plaaslike besture.**

Dr. Dönges, minister van binnelandse sake, het gesê dat dit 'n saak is wat baie ernstig oorweeg moet word voordat tot 'n besluit geraak word. Dit is 'n saak vir al die provinsies en uit die ander provinsies het nog nie so 'n versoek gekom nie.

Die kongres het besluit om die saak aan die federale raad van die party voor te lê, wat dit dan vir oorweging na die regering kan stuur.

**Dit is sekerlik nie 'n pluimpie vir Transvaal dat hy eerste kom met 'n voorstel om die Britse partystelsel in die plek te plaas van die enigste oorgeblewe stukkie Boerestelsel, soos ons dit in Transvaal geken het nie. Maar dit is bemoedigend dat daar al Engelssprekendes is wat vir die Boeretradisie in die bres wil tree!**

## Ons Goudopbrengs en Engeland

**Die Unie hoop om teen 1960 goud en uraan ter waarde van £250,000,000 te produseer, het min. N. C. Havenga verlede week in Londen gesê.**

Die waarde van die huidige goudproduksie is £150,000,000, en daarvan het Suid-Afrika onderneem om minstens £50,000,000 aan Brittanje te verkoop ter versterking van die sterlinggebied se sentrale reserwe.

Hierdie bedrag kan aansienlik hoër wees indien Britse uitvoerders hul pryse en tyd van aflewering nader aan die van hul mededingers kan bring, het mnr. Havenga gesê.

Van Suid-Afrika se totale invoer van £468,000,000 in 1951 het Brittanje 36 persent gelewer teenoor 20 persent van die Verenigde State.

## MacArthur se Welslae

Die eerste verkiesing in Japan sedert hy sy volle vryheid terug gekry het, het uitgeloop op 'n parlementêre uitwissing van die Kommunistiese Party. Die party het al 22 setels wat hy voorheen gehad het, verloor. Die Liberale Party het met 240 die meeste setels gewen.

Die uitslag word as 'n groot oorwinning vir genl. MacArthur se beleid van versoening beskou — 'n beleid wat veral van die kant van Brittanje en linkse elemente binne die V.S.A. groot teenkanting ontvang het.

## Volop Bande vir Empire

„Daar is 'n dringende noodsaaklikheid vir alle Westerse lande om saam te staan. Dit geld veral daardie groep lande wat as susterlande of 'n familie van volke of moeder en dogters beskryf word. Hoe mens hulle ook al beskryf, die belangrikste is dat daar genoeg gemeenskaplike ideale en gemeenskaplike belange bestaan om hierdie groep, hierdie Statebond, saam te hou," het dr. A. L. Geyer, hoë kommissaris van die Unie in Londen gesê by geleentheid van die ingebruikneming van 'n oue-tehuis wat met geld uit Suid-Afrika opgerig is.

## Kommuniste se Houvas op Britse Party

**Eensesde van die afgevaardigdes van die plaaslike partytakke na die kongres van die Britse Arbeidersparty — wat hoop om die volgende verkiesing in Engeland te wen — is kommuniste of kommunisties-geïnspireerdes, het Hugh Gaitskell, een van die party se leiers en voormalige minister van finansies, na afloop van die partykongres verklaar. Hy het daaraan toegevoeg dat selfs al sou die kommunistiese verteenwoordiging eentiende of eentwintigste gewees het, dit 'n „uiters skokkende toestand van sake" sou gewees het.**

Die linksgesinde groep van die party, onder leiding van Aneurin Bevan het daarin geslaag om ses van hul ondersteuners in die sewe plekke wat die kongres op die hoofbestuur moet vul, verkies te kry. Selfs die adjunkleier, Herbert Morrison, is uit die hoofbestuur gegooi. Gaitskell het gesê dat die groot aantal „kommunisties-geïnspireerde beskrywingspunte" op die kongres 'n uiters verontrustende verskynsel is. Die waarskuwing dat die kommuniste 'n nuwe metode van insypeling in die Arbeidersparty gebruik, skyn juis te wees, het Gaitskell gesê.

Die Oos-Duitse regering het amnestie verleen aan alle gewese lede van die Nazi-party wat voordeel is. Daar sal ook geen beperkings van burgerregte meer op oudlede van die party wees nie.

# V.S.A. HOU BRITTANJE BUITE AS HY MET ‚DOGTERS' GESELS

**Brittanje voel baie afgehaal omdat Amerika weier om hom as toeskouer toe te laat op vergaderings van die Stille Oseaan-verbond, wat bestaan uit Amerika, Australië en Nu-Seeland. Churchill het reeds sy voorneme te kenne gegee om die saak te opper op die Empire-konferensie van eerste ministers aanstaande maand. Die Britse politici voel dat daar inbreuk gemaak word op die geslote kring van die Britse statebondsfamilie en dat dit dalk die begin van 'n opbrokkelingsproses kan wees indien sy „dogters" met 'n buitestaander begin afsprake nakom waar hyself nie teenwoordig mag wees nie.**

**Twee aansoeke van Brittanje om by die samesprekings toegelaat te word is geweier. Na berig word, het Churchill sterk protes aangeteken by die regerings van die drie lande en onder meer daarop gewys dat Brittanje weens die Statebondsverhouding outomaties betrokke is by enige militêre verpligting wat deur Australië en Nu-Seeland aangegaan word. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat hy teenwoordig moet wees wanneer die verdedigingsplanne bespreek word.**

**Die stelling dat Brittanje outomaties ingesleep is by militêre verpligtinge wat deur sy dominiums aanvaar word, is belangwekkend. Die omgekeerde is dan natuurlik ook waar, naamlik dat as Brittanje militêre verpligtings aanvaar, sy dominiums outomaties daarby ingesleep is—die standpunt wat genl. Smuts altyd gehuldig het.**

Die Verenigde Party sal die Indiërs dieselfde verteenwoordiging in die parlement gee as die naturelle indien onderhandelings met Indië en Pakistan oor vrywillige repatriasie van die Indiërs nie slaag nie, het sir De Villiers Graaff, L.V. op Eersterivier gesê.

## Naturelle Vra Repatriasie Van Indiërs

**Die Bantu National Congress, die teenhanger van die African National Congress, het 'n kabelgram aan die V.V.O. gestuur met die versoek dat die Indiërs in Suid-Afrika gerepatrieer moet word.**

Die redes vir hierdie versoek word in 'n memorandum aan die afgevaardigdes van die V.V.O. uiteengesit. Die Indiërs word as 'n ongewenste minderheidsgroep beskryf, terwyl die lydelike verset teen apartheidswetgewing toegeskryf word aan ryk Indiërs wat gekant is teen die wet op groepsgebiede. „Die trotsering van ‚onregverdige wette' kom nie uit die harte van die Bantoes nie," word verklaar.

## Koningin

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

bou van twee of meer paleise nie?

Dit sal wel reg kom. Net die seremonies is 'n struikelblok! Maar ook hierin is daar hoop. Suid-Afrikaanse meisies het al heelwat ondervinding opgedoen met kniebuigings voor die Goewerneur-generaal en sy vrou. En wat kniebroeke vir ons ministers betref, as ons „serjeant-at-arms" dit reeds in Haar Majesteit se parlement in Kaapstad dra en ons „speaker" dra 'n pruik soos dit 'n egte Britse speaker betaam, wat sal ons dan nog dink aan kompromisse?

# NATURELLE VOER SKRIKBEWIND

**Die skrikbewind in Kenia wat onder kommunistiese aanvoering geskied en as oogmerk het die verdrywing van alle blankes uit die gebied, neem steeds groter afmetings aan. Die veldtog van owerheidsweë daarteen kry met groot struikelblokke te kampe. Aanklagte teen meer as honderd naturelle moes in die afgelope paar weke teruggetrek word omdat die getuies òf verdwyn òf weens dreigemente hul getuienis verdraai het.**

Die naturelle-organisasie wat vir die skrikbewind verantwoordelik is, word genoem die Mau-Mau, en gewelddadige metodes word gebruik om sy ledetal te laat aanwas. Naturelle wat weier om die eed van lidmaatskap af te lê, word eenvoudig vermoor of gemartel. Diegene wat inligting teen die organisasie verstrek word insgelyks om die lewe gebring. Mense word geslaan en versmoor totdat hulle inwillig om die eed af te lê. Ander word lewendig verbrand in hul hutte wat aan die brand gesteek word.

Die Britse regering in Kenia het reeds te kenne gegee dat die gewone landswette nie voldoende is om teen die organisasie doeltreffend op te tree nie. Een van die buitengewone stappe wat ingevoer is, is om 'n kamp in die hoë noorde in te rig waarheen lede van die organisasie verban kan word.

Die jongste aanslag van hierdie organisasie is die grootskaalse vernietiging van vee in blanke gebiede. Honderde beeste is doodgesteek of vermink.

Vir Suid-Afrika is hierdie misdaadveldtog 'n ernstige waarskuwing. Dit is maar een stap verder as die versetplegingsveldtog wat tans hier gevoer word.

## Stappe Teen Sterkste Party in Egipte

Genl. Mohamed Naghib, Egiptiese eerste minister, het 'n stap verder gegaan in sy veldtog teen partypolitici en korrupsie toe hy geëis het dat die leier van die sterkste politieke party, die Wafd, moet uittree. Nahas, wat as die magtigste politieke leier beskou is, het geweier om te gehoorsaam. Die party se fondse, wat £100,000 bedra, is deur die staat bevries en 'n ondersoek word ingestel na die fortuin waaroor Nahas se vrou beskik. 'n Segsman van die regering het gesê dat die 75-jarige Nahas deur sy 39-jarige vrou regeer word en dat sy die beleid van die party bepaal het. Egipte kan so iets nie duld nadat hy van Faroek ontslae geraak het nie, het die segsman verklaar.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Britse Immigrant se Optrede

'n Britse immigrant, Leslie Gordon Etchel, is tot 31 weke dwangarbeid in Kaapstad gevonnis nadat hy skuldig bevind is aan crimen injuria. Hy het homself uitgegee as 'n verteenwoordiger van 'n filmonderneming wat jong meisies moes werf. 'n Groot aantal meisies is deur hom ondersoek. Hy het hulle kaal laat uittrek.

Aan die magistraat het hy gesê dat hy die geld waarmee hy in duur hotelle tuisgegaan het, verkry het van 'n huis wat hy in Brittanje verkoop het. Hy het in April na Suid-Afrika gekom.

**Slegs 18 persent van die bevolking van Parys is kerkbesoekers volgens 'n ondersoek van die Roomse Kerk.** Dit het ook geblyk dat die welgestelde mense meer dikwels die kerk besoek as die armes. In agterbuurtes gaan minder as een uit elke honderd mense kerk toe.

## Tee-Aand

'n Tee-aand wat Donderdagaand, 2 Oktober, by mev. M. Erasmus, op Tiervlei gehou is, het £4 10s. ingebring vir die fondse van ons blad.

Die volgende tee-aand word op 7 November by die generaal, mnr. J A. Strauss, De la Reystraat 36, Tiervlei, gehou.


**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1950—1951**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**